Weekbrief
Primêre Skool Jim Fouché

WB 12 FEB 2010

Aarde ons vee behoorlik die sweet af omdat ons alles op 'n drafstappie moet doen, om deur ons dagtake te kom.

Baie dankie aan al ons opvoeders wat in hierdie tyd ook nog die ekstra myl stap om al ons buitemuurs en ander aktiwiteite afgehandel te kry. Julle is ware staatmakers.

VALENTYNSOKKIE : 12 FEBRUARIE 2010

Die prefekte bied op Vrydag, 12 Februarie, 'n Valentynsokkie vir alle Gr. 5, 6 en 7 leerders aan. Dit beloof om 'n baie lekker aand vir ons leerders te wees en ons nooi julle almal uit om die aand saam met ons te kom geniet.

Toegang is R10,00 per leerder en daar sal ook verversings en drinkgoed te koop wees.

Jy kan ook 'n foto van jou en jou meisie laat neem. **ONS HOOP ONS SIEN JULLE ALMAL DAAR.**

NB: SPORTDRAG (Maandae en Donderdae)

Aangesien dit nog 'n tydjie gaan neem om die nuwe sportdrag in te faseer, mag 'n leerder die volgende op 'n sportdag aantrek:

- Nuwe sporthemp en broek met tekkies en kouse.. of
- Nuwe sporthemp met 'n swart sweetpakbroek, tekkies en kouse.... of
- Die ou sportklere met tekkies en kouse.
- **LET ASSEBLIEF DAAROP** dat **atletiekdrag** onveranderd gebly het.

FINANSIES

Die rekeningstate is aan u kind oorhandig. Maak seker dat u dit wel ontvang.

Baie dankie vir die 50% van ouers wat dit reeds betaal het.

DIE VOLGENDE KENNISGEWING WORD WEER GEPLAAS. ONS VRA GROOT ASSEBLIEF, DAT OUERS DIT SAL LEES EN BY HIERDIE VERSOEK SAL HOU:

SIEK KINDERS

Hiermee doen ons 'n ernstige beroep op ons ouers om asseblief nie u siek kind skool toe te stuur nie. Dit gebeur gereeld dat die eerste klok nog nie eers vir die dag gelui het nie, dan moet 'n ouer geskakel word om 'n siek kind te kom haal.

✉ 32019,
Fichardtpark 9317.

☎ 051-522 5951
051-522 7031

🖷 051-522 0681
jfprimer@saschools.co.za

www.psjf.co.za

Kwaliteit onderrig vir 'n beter toekoms

SPORTTOER : 2010

Kan nie glo nie – maar oor net bietjie meer as 'n maand gaan die 0/12 en 0/13 netbalspanne asook die 0/11 en 0/13 rugbyspanne, op 'n toer na Port Elizabeth. Hulle vertrek op 22 Maart en keer op 25 Maart weer terug Bloemfontein toe. Sterkte aan mnr. Derik Bruwer met al die reëlings.

VOORTREKKERBRAAI

Baie dankie aan al die ouers en belangstellendes wat tyd gemaak het om die braai by te woon. Dit word opreg waardeer.

Dit was 'n heerlike aan, waar die ouers saam gekuier het en die kinders lekker kon speel en lag.

ATLETIEK

Baie geluk aan die atlete wat gister tydens die Fichardtpark byeenkoms puik presteer het.

Al hierdie atlete, behalwe die 0/7's, neem volgende Saterdag aan die Motheo/Gariep byeenkoms deel.

Daar is nog 'n week oor om voor te berei. Ons vertrou dat elke atleet hard sal werk en sukses sal behaal.

LANDSDIENSKAMP : GR 1 – 3

Graad 1-3 Landsdieners gaan vanaf 19-20 Februarie kamp. U het reeds briefies ontvang. Dit beloof om 'n lekker kamp te wees.

Dankie aan juff. Elmarie, Elizma en Jorien wat saam met hulle gaan kamp.

'n Bietjie humor uit die sangklas

Die sangjuffrou leer 'n klas die engelse weergawe van "Soos 'n Wildsbok wat smag na water".

Die engelse woorde is as volg: "As the deer pants for the water, so my Soul longs after You"...

'n Seuntjie in die klas vertel toe vir sy juffrou dat hy die sangklasse baie geniet, want hulle juffrou laat hulle toe om "Soos 'n wildsbok" te sing, en dan maak sy ander liedjies op en onder andere sing hulle ook van "duur panties".

NASORGNUUS

Hiermee heet ons mev. Linda Voight by die nasorg hartlik welkom. Die Graad 2 groep is nou in twee groepies ingedeel. Dankie aan mev. Johanna Roets wat haar weg oopsien om ons tydelik in mnr. Van Heerden se plek behulpsaam te wees.

'n Ekstra studie- uur vanaf 16:00-17:00 word ook nou by ons nasorg ingebring vir ons leerders wat as gevolg van sportaktiwiteite nog nie klaar met hulle huiswerk is nie. Juf. Anneke sal in kamer 66 oor hierdie leerders toesig hou. Geen ekstra koste is hier van toepassing nie. Ons vra u om gerus van hierdie ekstra diens, veral tydens toets en eksamens gebruik te maak.

Weekbrief
Primêre Skool Jim Fouché

FIETSPRETTRAP :
13 FEBRUARIE 2010

INSKRYWINGSVORM / ENTRY FORM

Lisensienommer / License number:	
Ouderdom / Age:	
Klub / Club:	
Merk met X: Manlik/Male ☐ Vroulik/Female	
Naam / Name:	
Van / Surname:	
Adres / Address:	
Tel nr / Tel no : (w) (h) (s)	
Skool / School:	
Graad / Grade:	

Handtekening (sien ***)**
Signature: (see ***)**

_____

*****(Ouer indien minderjarig) Ek neem op eie risiko deel aan hierdie byeenkoms en sal geen eise hê teen die organiseerders, medeborge of ander deelnemers in geval van enige verlies of skade nie.

*****(Guardian if under age) I am participating in the event at my own risk and will not make any claims against the organizers, sponsors or other participants in case of any loss or damage incurred in said event.

Rules for cyclists/Reëls vir fietsryers

1. The wearing of protective gear is compulsory – NO HELMET, NO RIDE!!
2. Only handlebars suitable for mass racing will be allowed – NO TRI-BARS!!
3. All participants must carry water bottles and essential spares despite the fact
4.
5. that the organizers will arange sweep vehicl 74km R40
6. All pa 34km R40 e the course entire
7. No sp 15km R40 e allowed to follow 2x 2km R30 icle or come in con t during the event.
8. By enter **Pryse: 1ste, 2de en 3de plek** nt must con. it to complete and that the cycle used is in a roadworthy condition.
9. The race numbers must be worn low on the back of the participants.
10. The organisers take no responsibility for persons deviating from the route or the consequences of such action.
11. All traffic officers, marshals, road signals and signs must be obeyed in every instance and participants must use the left-hand lane of the road in which they are travelling. Participants will yield to traffic should this be necessary.
12. All decisions by the organisers will be final and no discussion or correspondence will be considered.
13. Any person under the age of 21 entering the event must obtain the signature of a parent or guardian on the indemnity form.
14. The event will take place regardless of weather conditions.
15. No refunds will be made circumstances.

✉ 32019,
Fichardtpark 9317.

☎ 051-522 5951
051-522 7031

🖷 051-522 0681
jfprimer@saschools.co.za

www.psjf.co.za

Kwaliteit onderrig vir 'n beter toekoms

16. "Lucky draws" will take place when the last participant crosses the finish line.
17. Any transgression of rules and conditions may result in disqualification from the event.
18. SACF rules apply.
19. Day licence available @ R35-00.

NAVRAE/ENQUIRIES: T BOTHA 0823099909 / A VAN WYK 051-5225951

LANDSDIENSKAMP : GR 1 – 3

Graad 1-3 Landsdieners gaan vanaf 19-20 Februarie kamp. U het reeds briefies ontvang. Dit beloof om 'n lekker kamp te wees. Dankie aan juff. Elmarie, Elizma en Jorien wat saam met hulle gaan kamp.

'n Bietjie humor uit die sangklas

Die sangjuffrou leer 'n klas die engelse weergawe van "Soos 'n Wildsbok wat smag na water".
Die engelse woorde is as volg: "As the deer pants for the water, so my Soul longs after You"...
'n Seuntjie in die klas vertel toe vir sy juffrou dat hy die sangklasse baie geniet, want hulle juffrou laat hulle toe om "Soos 'n wildsbok" te sing, en dan maak sy ander liedjies op en onder andere sing hulle ook van "duur panties".

NASORGNUUS

Hiermee heet ons mev. Linda Voight by die nasorg hartlik welkom. Die Graad 2 groep is nou in twee groepies ingedeel. Dankie aan mev. Johanna Roets wat haar weg oopsien om ons tydelik in mnr. Van Heerden se plek behulpsaam te wees.

'n Ekstra studie- uur vanaf 16:00-17:00 word ook nou by ons nasorg ingebring vir ons leerders wat as gevolg van sportaktiwiteite nog nie klaar met hulle huiswerk is nie. Juf. Anneke sal in kamer 66 oor hierdie leerders toesig hou. Geen ekstra koste is hier van toepassing nie. Ons vra u om gerus van hierdie ekstra diens, veral tydens toets en eksamens gebruik te maak.